
# SKAKEL

Gereformeerde kerk **Magol**



"En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie".
Kol. 3: 23

| | | |
|---|---|---|
| Eredienstye op Sondae: 10:00 | Kantoorure: Maandae, Dinsdae & Vrydae: 08:00-13:00 *(gesluit tydens skoolvakansie)* | |
| Kantoor no: 079 804 5542 | E-pos: admin@gerefkerkmagol.co.za | Webblad: www.gerefkerkmagol.co.za |

## ***DATUM:*** *3 November 2024*

## Kollektes

**Vandag**
**Swart sakkie:** Teologiese Studentekas
**Rooi sakkie:** Diens van Barmhartigheid

**Volgende week**
**Swart sakkie:** Bystandsfonds vir Diakonie
**Rooi sakkie:** Diens van Barmhartigheid

## Diensbeurte

**Vandag:** Tkop, Tambotie & Tinet

**Volgende week:** Wetltevrede & Wbh

## Skinkbeurte

**Sondag 3 November:**
**Tafelkop**
Martie Wolfaardt, Ona Botha, Heila Heystek, Jolanda Pretorius, Adri de Klerk & Leoni Kruger.
**Tambotie**
Esther de Beer, Simone Trichardt, Elsa Erasmus, Kobie jansen van Vuuren, Christine jansen van Vuuren & Lara jansen van Vuuren.
**Tinet**
Cornet Eloff, Elmari Coetzee, Lizann Botha & Charlene van Staden.

**Sondag 10 November:**
**Weltevrede**
Amanda Strydom, Susan du Plessis, Sorien Pretorius, Maretha Kruger, Lenel du Plessis, Miemie de Beer & Corrie Elmes.
**Wonderboomhoek**
Isabel Snyman, Iuzaan van Rooyen, Miems Erasmus, Daleen du Plooy, Annetjie Pelser & Carina Elmes.

## Verjaarsdae... vir komende week

| | | |
|---|---|---|
| 2de | Frederik Erasmus | Hdal/Sbp |
| | Miems Erasmus | Wbh |
| 3de | Dries du Plessis jnr | Ow. 12 |
| | Lenel du Plessis | Wtvde |
| | Clara Venter | Ow. 09 |
| 6de | Mianli Meiring | Ow. 06/07 |
| | Cobus Prinsloo | Ow. 11 |
| | Matthys Retief | Ow. 17/19 |
| 7de | Brenda Breetzke | Ow. 17/19 |
| | Douw Pelser | Ow. 16 |
| 8ste | Dries du Plessis | Ow. 12 |
| | Lune du Plessis | Ow. 14 |
| 9de | Wilma Potgieter | Ow. 11 |

*Mag die seën van die Here op jou rus in jou nuwe lewensjaar sodat die meetsnoere vir jou op lieflike plekke val en jou erfenis mooi sal wees!*

**Preekvoorligting Sondag 3 November 2024**

**<u>Sing:</u>** Ps. 91:1,6; Ps. 91:8; Ps. 65:2,3; Ps. 34:1,3,8; Ps. 33:6,11

**<u>Lees:</u>** Matt. 15:21-28

**<u>Teks:</u>** Matt. 15:28

**<u>Tema:</u> Ons groei in afhanklikheid van Christus deur beproewing in die geloof.**

***Die oënskynlike stilte van Christus.***

Dit is die wil van die Here dat ons voortdurend in die geloof sal groei sodat ons meer die gestalte van Christus sal vertoon. Hy bewerk hierdie groei op verskillende maniere, maar ook deur beproewing. In die ontmoeting wat tussen die Kananese vrou en Christus plaasvind sien ons hoe haar beproewing haar al hoe meer en dringender in die geloof aan Christus vasgryp. Haar hulpkreet word egter met stilte begroet. Dikwels voel dit ook vir ons of ons gebede na God met stilte begroet word.

***Die oënskynlike verwerping deur Christus.***

Eindelik word die stilte gebreek en Christus gee ag op haar geroep, maar die antwoord van ons Here is amper meer skokkend as wat die stilte was. Dit wil voorkom of Hy haar geheel en al verwerp, asof Hy geen ag op haar kreet gaan gee nie. Die tyd het egter nog nie aangebreek dat die woord en daadprediking van Christus na die nasies uitbrei nie. Hy het vir die skape van Israel gekom en die seëninge van gesondmaking is vir sy volk bedoel. Ons is nie geregtig op die genade van die Here nie, want ons is maar ellendig in ons sonde.

***Die seker gawe van Christus.***

Op hierdie stadium wil dit voorkom of sy maar moet moed opgee en haar beproewing self deurworstel. Maar sy volhard om by die Here te pleit want Hy is haar enigste hoop. In Christus se antwoord aan haar bevestig hy die grootsheid van haar geloof en haar dogter word gesond. Hierdeur leer die Here sy dissipels dat Hy inderdaad gekom het om Israel te red maar dat dit ook aan de heidene gegee sal word. Die gawe van geloof is vir die vrou en haar dogter bestem. Dit is die rykdom van sy gawes wat Hy gee.